

Die Burger

Saterdag 26.6.2010

10|By

ERFENIS

ONDER REDAKSIE VAN MARTIENS VAN BART

◆◆◆
'n Baie ongewone sagtebandboek met verhale oor die buitelewe van hengelaars en jagers, **Huckleberry Days: A trouting, shooting & reading life**, uit die pen van Garrett Evans van Nieu-Seeland, het pas by Echoing Green Press van Vishoek verskyn.

Die voorwoord is deur Ed Herbst, joernalis en redakteur van *Piscator*, jaarblad van die hengelaarsvereniging Cape Piscatorial Society.

Garrett Evans was baie dekades lank 'n gereelde artikelskrywer vir *Piscator*.

Die boek bevat 'n keur van sy hengel-, jag- en kampeerverhale uit verskillende wêrelddele, ook Suid-Afrika.

Daar is vyf afdelings wat elk oor 'n ander wêrelddeel handel: Die eerste, oor Amerika (VSA) bevat 9 sketse; die tweede, oor Brittanje, 14; die derde, oor Europa, 3; die vierde, oor Suid-Afrika, 39; en die laaste, oor Nieu-Seeland, bevat 33 opstelle.

◆ Bestel die boek van Echoing Green Press, Posbus 22233, Vishoek 7974. Besoek gerus ook die webtuiste www.echoinggreenpress.com.

◆◆◆